## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Celia | Lourens | 03/29 |
| Niel | Falck | 03/30 |
| Alta | Saayman | 03/30 |
| Elmien | van Zyl | 03/30 |
| Bertus | Vos | 03/30 |
| Bernard | Groenewald | 04/01 |
| Liezl | Knobel | 04/01 |
| Kobie | de Wit | 04/02 |
| Elsa | Grobbelaar | 04/02 |
| Philip | van Wyk | 04/02 |
| Mathilda | Botes | 04/03 |
| Lara | Oosthuizen | 04/03 |
| Clifford | Pienaar | 04/03 |
| George | Moorcroft | 04/04 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

29 Maart 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Palmsondag**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Spesiale kollekte:
Gemeente Noodfonds
**Dinsdag**
18h30 Kerkraad
**Woensdag**
09h30 Uitreikbediening
**Donderdag**
10h00 Barmhartigheid
**Vrydag**
**Goeie Vrydag**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Spesiale kollekte:
Herberg Kinderhuis

**Sondag 5 April**
**Paasfees**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Spesiale kollekte:
Suideroord

## PALMSONDAG

Die Sondag voor Goeie Vrydag vier ons PALMSONDAG.
Toe Jesus op 'n donkie die poort van Jerusalem inkom, het 'n skare mense hom buite die stadspoort ingewag en triomfantelik palm-takke geswaai en op die grond voor hom neergelê.
Die palmtakke was simbole van vrede en oorwinning.
Jesus, die KONING van alle konings, het nederig, op 'n donkie, ingery gekom om redding vir sy volk te bring.
Nie die aardse tipe redding van onderdruk by wyse van aanval en verdedig te perd nie, maar red-ding van sondaars wat die KONINKRYK VAN GOD mag binnegaan as hulle in Jesus glo .

**NUWE LIDMAAT** - Ons verwelkom belydende lidmaat Pieter de Witt van NGK Wonderboom-Suid

**Teksvers:** Sag 9:9

"Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie."

## Ons bid vir...

1. Die Kerkraad wat Dinsdag vergader, dat hulle met wysheid besluite kan neem waar nodig.
2. Soveel mense in nood. Mense wat oud en sieklik word; dié wat afhanklik is; mense wat worstel met sake en diegene wat sukkel met menseverhoudinge.
3. Die koor wat besig is om voor te berei vir hulle optrede in Struisbaai 5de April, met PAASFEES.
4. Mense wat eensaam is.
5. Uitreike wat plaasvind, ook vanuit ons gemeente.
6. Die petrol- en dieselkrisis, dat dit nie te lank sal aanhou nie.
7. Ons wens almal 'n geseënde Paastyd toe. Mag dit 'n betekenisvolle tyd vir jou en jou familie wees. Vir diegene wat reis, mag julle veilig tuiskom

## Doen & Deel

### DANKIE VIR:

1. Die afgelope Herfsbasaar en vir almal wat ons ondersteun het.
2. Mense wat omgee vir mekaar en mekaar help in nood.
3. Vriende, familie, bure en die magdom van organisasies waarby ons kan inskakel en tuis voel.
4. Jesus, ons KONING, dat ons Hom kan dank as dié een wat ons genadig is
5. Dankie vir Janese Morris by Living Waters kwekery vir die gratis voorsiening van 'n sleepwa,
6. Dankie vir Petrie Marais van AH Marais vir verf teen koopprys vir die uitverf van L'Agulhaskerk.
7. Baie dankbaar om te rapporteer dat ons R10 000 van AGS Gemeente Bredasdorp ontvang het om volgens goeddunke te spandeer.

## Vir ons kinders

### GROOT LYDENSWEEK

Simbole en aktiwiteite vanaf Palmsondag tot Paassondag:

1. Palmsondag - Pluk 'n GROOT BLAAR, sing lofliedere en lees oor Jesus se intog in Jerusalem - Matt. 21: 1-11.
2. Maandag - Maak 'n KRUIS of teken een. Vertel vir mekaar wat Jesus se kruis vir jou beteken.
3. Dinsdag - Neem 'n handdoekie en seep en dink aan iets gaafs wat jy vir iemand kan sê of doen. DOEN DIT - wees diensbaar vandag. Lees oor VOETEWAS in Joh.13: 1-17
4. Woensdag - OLYWE. Maak 'n slaai met olywe of pluk 'n olyftakkie en sit dit in 'n glas met water en BID vir mekaar soos Jesus die nag voor sy kruisiging in die tuin van Getsemane, wat vol olyfbome was, vir sy dissipels gebid het. Matt.26:36-46.
5. Donderdag - HOT CROSS BUNS & SAP. Eet "hot cross buns" en drink sap om jou te herinner aan die laaste aandete wat Jesus met sy dissipels geëet het (die laaste avondmaal), waar Hy die Nagmaal ingestel het met brood en wyn as tekens. Matt.26: 26-30.
6. Goeie Vrydag - VIS. Eet vis, gebraai, gebak, gekerrie of as marshmallow vissies, wat jou herinner aan die vroeë Christene wat nie op Goeie Vrydag vleis geëet het nie, maar eerder vis. Hulle het gevas van vleis, as boetedoening vir die kruisdood van Jesus.
7. Saterdag - Maak 'n TUINTJIE en dink aan begrawe en nuwe lewe. Sê vir mekaar waarvoor julle dankbaar is. Joh.19:38-42.
8. Paassondag - PAASEIERS wat hol is binne. Eet sulke paaseiers of hou 'n skattejag om dit te soek. Dink aan die graf wat leeg is. Die soet sjokolade laat jou dink aan die "soet" nuus van Jesus se opstanding. Paaseiers is dikwels in die vorm van 'n hasie. Hasies laat jou dink aan lewe in oorvloed. Jesus Christus het opgestaan. Joh.20.